

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 1

17 Januarie 2025

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Baie welkom terug aan almal. Vir party van ons het die vakansie ongelooflik vinnig verby gegaan. Ek vertrou dat almal lekker gerus het en glo dat julle reg is vir die uitdagings van 2025. Mag ons Hemelse Vader ons almal bystaan en dra gedurende hierdie jaar.

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Francois du Toit in graad 7 met die heengaan van sy Pappa gedurende die vakansie. Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

WELKOM AAN ALLE NUWE OUERS
Baie welkom aan al die nuwe Newtonparkgesinne. Ons vertrou dat u en u kind(ers) gou by ons sal tuis voel. Raak asseblief betrokke by die aktiwiteite. Ons sien daarna uit om u eerskomende Maandagaand by die inligtingsvergadering te verwelkom.

ONDERWYSERS
Ons wil Mnr. Henricus van der Westhuizen baie geluk wens wat sy graad geslaag het en nou 'n volwaardige onderwyser is. Ons het nie nuwe onderwysers bygekry nie, maar net personeel wat geskuif het.

Graad R1: Mej. Suné Kapp
Internskap: Mnr. Christiaan Liebenberg

2025 - KLASINDELINGS
Ek wil 'n ernstige beroep tot ons ouers rig om asseblief nie met versoeke te kom of die proses te probeer beïnvloed nie. Dit maak die taak vir ons onmoontlik. Die 2025-klasindeling is een van die belangrikste oefeninge waaraan ons baie aandag gee. Indien 'n ouer egter 'n versoek het, word dit slegs deur my hanteer.

KALENDER EN SPORTPROGRAM
Die nuutste kalender en sportprogram is vandag gelaai. Maak seker dat u vandag se weergawe gebruik.

INLIGTINGSAAND MAANDAG, 20 JANUARIE 2025 OM 17:30 : GRAAD R – 7
Alle ouers word vriendelik na die inligtingsaand wat in die saal om **17:30** begin, uitgenooi. U word vriendelik versoek om ‘n spesiale poging aan te wend om die inligtingsvergadering by te woon. Nadat u die skoolhoofgesprek bygewoon het, sal u die geleentheid kry om u seun/dogter se klasonderwyser(es) te ontmoet. Belangrike uitdeelstukke sal tydens die klasvergadering aan ouers gegee word. Terwyl die vergadering aan die gang is, sal daar toesig vir u kind(ers) in die vierkant wees.

VERLORE KLERE EN GOEDERE
Al die verlore klere, kosblikke, bottels, tekkies, ens. sal tydens inligtingsaand op Maandag, 20 Januarie op die stoep langs die saal uitgestal word. Kom kyk asb. as iets van u kind verlore geraak het. Daarna sal die klere en goedere aan behoeftiges geskenk word.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 6 FEBRUARIE 2025
Ons het u kennis gegee dat daar een persoon op die beheerliggaam verkies moet word. Die verkiesing gaan op **Donderdag, 6 Februarie 2025** plaasvind. Teken solank die datum van die belangrike verkiesing in u dagboeke aan.
Volledige inligting rakende die verkiesingsprosedure sal u ook vroeg volgende jaar bereik!

OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE
Dit is die begin van ‘n nuwe jaar en ons wil u vriendelik versoek om by die padreëls te hou. Ons ontvang talle klagtes van ouers en inwoners dat ons ouers nie die padreëls gehoorsaam nie. Ons verneem dat ouers dubbel parkeer, teen die verkeer parkeer, voor die inwoners se opritte parkeer, ens. Ons vra u om asseblief die padreëls te gehoorsaam. Ons maak staat op u samewerking.

Na skool moet leerlinge sou gou as moontlik by die skool en ook by die sportveld afgehaal word. Daar is nie toesig vir hulle om lank te wag nie.

KOSPAKKIES
Ons wil u vriendelik vra om vir u kind ‘n goed gebalanseerde kospakkie skooltoe in te pak. Om werklik hul beste te gee moet die leerlinge goed eet. Ons vra u ook vriendelik om die kospakkies saam met die leerlinge te stuur en dit nie voor pouse by die sekretaresse af te lewer nie. Dit skep net probleme.

As ‘n leerling verjaar en u wil koek of eetgoed vir die klas stuur, moet u asseblief eers die klasonderwyser kontak om reëlings te tref.

HUISWERK
Ons wil tog vir u vra dat u hierdie jaar sommer van die begin af sal toesien dat die leerlinge gereeld hul huiswerk en ook sommer gereeld hersiening sal doen. Elke kind **moet** ‘n ordentlike huiswerkboekie (dagboek-tipe) hê en u moet asseblief gereeld uself vergewis of daar iets in staan. Daar is geen verskoning vir leerlinge wat nie huiswerk doen nie. Boeke wat by die huis vergeet word, word beskou as huiswerk wat nie gedoen is nie.

GEBRUIK VAN HOOFINGANG VAN SKOOL
Die hoofingang is daar as u as ouer by die administratiewe blok van die skool wil wees of as u vir ‘n saalbyeenkoms na die skool kom. Die leerlinge moet by die ander hekke van die skool af- en opgelaai word, wanneer hulle skool toe kom of huis toe gaan.

OUERS IN SKOOLGANGE EN BUITE DIE GRAAD EEN KLASSE
Ons rig ‘n ernstige beroep tot ons ouers om asseblief nie tydens skoolure direk na die klasse te gaan nie. Behalwe dat dit professioneel nie korrek is nie, skep dit vir ons veiligheidsprobleme. Meld asseblief te alle tye by ontvangs aan en ons sekretaresses sal uit hul pad gaan om u te help.

Ons versoek ook ons graad 1-ouers om nie by die hoofhek in te kom en vir u kind voor die klasse te wag nie. Die gedruis van ouers wat vroeg kom, is steurend vir die klasse en trek die kinders se aandag af. Wag liewer buite die terrein by die hekke waar hulle sal uitkom. Dankie vir u begrip en samewerking.

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

BENODIGDHEDELYSTE 2025
Die benodigdhedelyste vir 2025 vir graad R tot 7 is op die skool se webwerf geplaas.

SKOOL- EN KLEREWINKELTYE
Ons bevestig net dat die skool vanjaar weer **stiptelik om 07:45 begin en versoek u vriendelik om u kind betyds vir skool af te laai.**

SKOOLTYE

Graad R	07:45 – 13:00 (Ma – Do)
Graad 1 – 2	07:45 – 13:30 (Ma – Do)
Graad 3	07:45 – 14:00 (Ma – Do)
Graad 4 – 7	07:45 – 14:15 (Ma – Do)
Graad R – 7	**07:45 – 12:45 (Vrydae)**

KLEREWINKELTYE

Maandae	07:30 – 12:00
Woensdae	12:00 – 14:30
Vrydae	07:30 – 12:00

SKOOLDRAG
Die leerlinge moet die korrekte somersdrag aantrek. Ons versoek u vriendelik om daarby te bly. Die dra van die skoolbaadjie is verpligtend tydens die saalbyeenkoms op Maandae. Die voorskrifte daarvoor verskyn in die gedrakskode dokument onder die “Beleidsdokumente” op ons Google drive inligtingsplatvorm is. Die skakel daarvoor is:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

Dié van u wat nog nie die korrekte klere aangeskaf het nie, het dus nog volgende week kans om dit aan te koop. U moet ook sorg dat u die korrekte LO-drag vir u kind het. Die leerlinge gaan wanneer hulle LO het, toegelaat word om sportklere skool toe aan te trek.

SKOOLTASSE
Ons graad 1-leerlinge moet van die skool se voorgeskrewe tas gebruik maak. Ons het navrae in verband met die koop van nuwe skooltasse ontvang en wil bevestig dat **indien u vir u kind in graad 4 en hoër ‘n nuwe skooltas in die toekoms wil aanskaf, maroen, swart en donkerblou die enigste kleur skooltasse is wat aanvaarbaar is. Die sportsakke mag slegs dié wees wat by die skool se klerewinkel aangeskaf kan word.**

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2025

Die voorgestelde skoolgelde vir 2025 is soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R20 100	R2 010	R1 828
Tweede kind	R18 300	R1 830	R1 664
Derde kind	R12 700	R1 270	R1 155
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R20 100	R2 010	R1 828
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL			
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	
14:00/14:15 tot 17:30	R 9 772	R 2 443	
13:00/13:30 tot 17:30	R11 452	R 2 863	
13:00/13:30 tot 14:15	R 6 640	R 1 660	

MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR	
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**
1	R270/R225 2de kind
2	R415/R350 2de kind
3	R595/R530 2de kind

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2025. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (Gr R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2024 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

So – 19 Januarie : **** Mnr. Stefan Els verjaar***

Ma – 20 Januarie :
**** Mnr. JJ Pienaar verjaar***
****Juf. Anrochelle Fredericks verjaar***
Klerewinkel **07:30 tot 12:00**
Graad 7-Prefekte inhuldiging tydens saalbyeenkoms
Dance Kids demo: Graad R en 1 om **09:30**
INLIGTINGSAAND om 17:30

Di – 21 Januarie	:	**Finansiële komiteevergadering om 17:00**
Wo – 22 Januarie	:	Klerewinkel **12:00 tot 14:30**
Vr – 24 Januarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00**
Sa – 25 Januarie	:	**** Mnr. Llewellyn Westraadt verjaar*** **Graad R- en 1-braai (Sportgronde te Geraldstraat)**

SPORT EN KULTUUR

UNISA GRAAD 1 TEORIE EKSAMEN 2024
Die graad 7-Musiekleerlinge van 2024 het baie goed in UNISA Graad 1 Teorie-eksamen gevaar. Almal het Met Lof geslaag.
Emma Gough 90%
Mieke Loots 96%
Jenna Hayward 97%
Nina Latham het 100%.
Baie geluk, julle!

BINNEHUISE KRIEKET 2024
Malan Prinsloo het in 2024 vir die Diamond Ducks gespeel wat as wenners in hul ouderdomsgroep gekroon is. Baie geluk, Malan!

OP-SKAAKSPAN 2024
Ruan Heneke (oud-skolier) is gekies vir die O/14-Nelson Mandela Baai skaakspan. Hy het ook OP-kleure verwerf vir skaak O/14 en het die NMB distrik in Polokwane vanaf 15 to 19 Desember by die gesogte Mzansi-Interprovinsiale skaaktoernooi in 2024 verteenwoordig. Baie geluk, Ruan!

ATLETIEK: ASA NASIONALE BYEENKOMS 2024
Iané, Inge en Marc Jukel het in Desember die atletiekseisoen op ‘n hoogtepunt afgesluit met hul deelname aan die ASA Nasionale byeenkoms waar Marc persoonlike beste tye in die 60m en 80m behaal het. Inge het ook ‘n persoonlike beste tyd in die 70m hekkies behaal en onder die top 10 atlete in die verspring geëindig. Baie geluk, julle!

VOORTREKKERS PRYSUITDELING 2024
Hartlik geluk aan Laerskool Newtonpark se Voortrekkers wat aan die einde van 2024 die onderstaande toekennings tydens hul jaarlikse prysuitdeling ontvang het:

Francois Bester
Kenteken: Eina-kenteken
1 jaar diens

Daniel Bester
Kenteken: Seewaarneming
2 jaar diens

Emma Bester
Kentekens: Dierekennis, Groot Trek, plantewaarneming
4 jaar diens

Evanthia Camarinos
Kenteken: Paraatheid
2 jaar diens

Ruan Hanekom
Kentekens: Spoorkennis, immigrante, Kokkedoor
3 jaar diens

Lika Hanekom (oud-skolier)
Kentekens: Seremonies, medemens, strandbewustheid, Afrikanerkind, ruiterkuns, voorslag – silwer
3 jaar diens

Ewan Louwrens
Kentekens: Spoorkennis, Kokkedoor
1 jaar diens